



## *Koninkrykstyd – 'n Skietlood vir my bouwerk*

*Marié Britz*

Die regering van Jerobeam II (786-746 vC) was 'n tyd van vrede en voorspoed. Daar was vrede met die omliggende volke en dit het ekonomies baie goed gegaan met Israel. Orals kon mens die tekens van voorspoed sien en mense het na die heiligdomme gestroom om te offer en in die gees van optimisme fees te vier. Maar onder die uitspattige uiterlike was daar 'n dodelike sweer. In die mooi huise van gekapte klip is geweld en verwoesting weggesteek (3:10). Arm mense is verdruk en verontreg deur ryk en invloedryke mense (5:11). Omdat reg en geregtigheid ontbreek het, was hulle godsdiens leeg en vir God onaanvaarbaar (5:21-24). Hulle was trots daarop dat God hulle uitverkies het, maar het vergeet dat die verbond verantwoordelikheid vra, en nie net voorregte bring nie (3:2;9:7). Hulle het vergeet dat om deel van God se volk te wees, *elke aspek* van hulle menswees moes raak. Wanneer goed oënskynlik op die oppervlakte mooi en goed lyk, sien mense dikwels nie raak wat onder dit lê nie.

Amos tree in dié tyd as 'n profeet op. Profete het 'n moeilike taak gehad, en hulle was ongewild. Richard Rohr stel dit so mooi:

*“A prophet is one who keeps God free for people en people free for God.”* In die sin het profete die taak gehad om die spieël op te hou dat mense God kon sien, en hulleself in die regte lig. Profete moes perspektief bring, mense herinner dat dit nie primêr oor uiterlike rituele, die bring van offers en opsê van gebede gaan nie. Dít is bloot 'n uitvloeisel van 'n verbintenis, 'n verhouding met God wat hulle hele lewe moes raak.

Die boek *Amos*, is so 'n spieël wat die profeet ophou van hoe hy die Israelitiese samelewing sien in die tyd van om en by 760vC: 'n Straattoneel van vals fasades, vooraansig-panele wat met stutte regop gehou word om die indruk van stewige geboue te skep, maar wanneer jy daar instap, ontdek jy dat dit nóg steen, nóg beton is – bloot geverfde karton. Só was die godsdiens en die gemeenskapslewe van die mense van Israel in Amos se tyd – op die oog af, uiterlik mooi en welvarend, maar innerlik verrot en leeg. *Bo blink, maar onder stink . . .*

### **Amos 7**

Wanneer Amos die oordeel aankondig oor Israel, sien hy in Amos 7 drie gesigte wat elkeen iets vir die volk moes sê. Die beeld wat hy in Amos 7:7 sien, is 'n

*skietlood* wat by 'n loodregte muur staan. 'n **Skietlood** is 'n belangrike instrument wat bouers gebruik. Dis eenvoudig 'n tou met 'n gewig aan die onderkant wat af hang. Agv swaartekrag sal dit altyd 'n perfekte vertikale lyn voorstel – loodreg. Bouers gebruik dit om te bepaal of 'n muur wat gebou word reguit is – jy maw nie krom of skeef gebou het nie. Wat God deur Amos met hierdie beeld wou sê, was vir die volk voor die hand liggend: *Julle moet dieper kyk as die oppervlakte. Buite mag dit baie mooi lyk, maar hoe lyk julle binnemure?*

Dit het hier vir God oor baie meer as oordeel gegaan. Hy is besorg oor die volk vir wie Hy baie lief was. As jy skeef bou, loop jy die gevaar dat jy kan seerkry, want die gebou kan op jou en jou kinders inval!

Dis nooit lekker om te hoor jy het skeef gebou nie, en die priesters was veronderstel om van beter te weet. Amasia (priester) probeer homself verontskuldig deur vir Amos te diskrediteer.

### **Wat wil die verhaal vir ons kom sê aan die begin van 'n nuwe semester?**

Die begin van die nuwe semester is 'n goeie tyd om die *skietlood* langs elkeen van ons se bouwerk op te hou.

#### **1. Wat is dié skietlood/waaraan meet ek my bouwerk?**

God self is dié skietlood. Jesus kom wys ons wie God is. Die lewe van Jesus is waaraan ons ons lewens meet. *Hy leer ons hoe om te leef ...*

#### **2. Wie is die profete in my lewe? Wie hou vir my die skietlood op?**

#### **3. Profete word moeilik waardeer...**

Profete se taak is om die magte van die dag aan te vat en te herinner aan wat reg is – aan die wil van God. 'n Profeet onderskei tussen God se wil en al die ander agendas van die dag...

#### **4. Jy word geroep as 'n profeet...**

Edmund Burke – *“The only thing necessary for the triumph of evil is for good men to do nothing”.*

